## 13 Julie - LEVIET

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 18: 1-8; Psalm 16 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:1-2; Psalm 16:5**

Aan elf van Jakob se seuns gee die Here elk 'n land as erfenis, aan Levi nie. Vir hom gee die Here Homself as erfenis. God gee aan Levi die priesterlike belofte – die belofte om herders vir sy volk te wees om sy volk te rig en te lei. Levi het geen land nie. God self is hulle erfenis. Maar wat van elkeen van ons – ons wat in 'n land woon waar ons grondgebied enige oomblik van ons geneem kan word; ons wat werk vir alles wat ons het, maar dit enige dag kan verloor deur een of ander rede?

Dawid, wat uit die stam Juda is, ontvang eintlik die hele Israel as sy erfenis na Hy die koningskap daaroor verkry. Die hele land is syne om oor te regeer. Hy het mag daaroor. Maar dit is nie hierdie erfenis wat vir Dawid so mooi is (Ps 16:6) dat Hy daaroor 'n gedig wil skryf nie. Nee, hy skryf eerder oor die erfenis van Levi: "Die Here is die deel van my erfenis." Dit is wat vir Dawid so mooi is. Dawid besing die lof van God wat die enigste erfenis is wat vir Hom iets beteken.

Maar hoe kan Dawid, uit Juda, sê dat die Here sy erfenis is? Dawid mag God sy erfenis noem, omdat Hy weet dat hy, en so ook elkeen van ons, ons erfenis in Christus Jesus het. Hy het vir ons 'n plek gekoop met sy kosbare bloed waar ons kan woon tot in ewigheid – 'n plek wat niemand van ons sal kan wegneem nie, 'n plek in die Hemelse Koninkryk van God.

Daarom hoef ons ons nie te bekommer oor ons erfenis in hierdie lewe nie. Ons weet dat God, soos vir die Leviete en vir Dawid, ook ons erfenis is. Ons sal in Christus Jesus ewig leef in die Hemelse Koninkryk.

*Sing: Psalm 16:2 (1936-beryming)* *Teol. Student Riekert Pelser*